


Dis Januarie 2010 en 'n paar brawe Klein Karoo Sawanante trek saam met tente en waentjies by die Calitzdorp dam waar daar soos gewoonlik "gehengel" word. Daar is pryse vir die kleinste geelvis tot vir die ou wat die grootste geelvis uittrek!! Brian van Zijl het vroeër die week geskakel om te laat weet dat hy beslis die Bundu kamp bywoon. Brian het in November 2009 'n heupvervanging gehad!!!!!



Brian van Zijl en sy kruk!

Hennie moedig Boogey aan om die wyn met sy tande oop te maak!



Tannie Lenie en Elize kry Koud!





Hier word ernstig bespiegel wie is die wenner van die grootste vis is en natuurlik ook die kleinste vissie!!!!!!

Retha, Shirley en Ouma Coetzee, speel "see no evil, hear no evil en speak no evil"





Shirley oorhandig aan Leon die prys vir die grootste vis gevang!



Kyk net met hoeveel erns Hennie sy prys oopmaak vir die kleinste vissie gevang!



Ria, Carl, Charmaine en Pam lag tog te lekker vir Hennie se prys.  'n Blikkie sardientjies!!!!!



Na boekevat en al die pryse uitgedeel is, is daar ernstig vleis gebraai.  Die vars lug gee 'n mens 'n gesonde aptyt.

Te gou was dit tyd vir gaan slaap en oppak Sondag oggend om weer die gejaag van werk en skool en.............

Almal was dit eens dat hierdie Bundu kamp die regte ontspanning was voordat die jaar se verpligtinge in alle erns begin.